## Aan die een kant; aan die ander kant

Daar is twee dinge in die lewe: die volmaakte en die werklikheid
Volwassenheid is om die volmaakte as ideaal te sien
maar om met die onvolmaakte as werklikheid saam te leef

Om die werklikheid gelate te aanvaar
en die volmaakte sinies af te skryf
is dwaas

Om net die volmaakte te erken
en die werklikheid te misken
is naïef

Weier om vrede te maak met gebrokenheid
maar maak vrede met die féít van gebrokenheid
dít is volwassenheid

***Nico van der Walt***